Sesde uitgawe - 2011

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Brandon Roode 083 399 1997
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Ben Kruger, Martin Kruger, Johan Els

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van ons voorsitter	1
Briewe bus / vra is vry	2
Snippets	4
Lede profiel	5
BRAT meeting 29 October	6
Vergadering van 5 Nov	9
Haiku	13
Terugvoering oor bome	14
Vergadering 5 Desember	15
Kalender	20

Van ons voorsitter.

Nog 'n jaar is verby

Ons het weer aan die einde van nog 'n jaar gekom. Dit was 'n jaar van hoogte en laagte punte.

Van die hoogte punte wat die Kai die jaar gehad het was die BRAT-dag wat ons in Julie aangebied het waar ons 'n rekord bywoning gehad het. Dit was net jammer dat ons so min bome by die uitstalling gehad het. Dan was daar Steve Tolley wat ons besoek het en vir ons 'n demonstrasie gedoen het. Die bywoning van die vergaderings waar daar altyd 50+ lede was. Die ABA konfensie in Durban waar daar so baie van ons lede was. Dit is net 'n paar.

En dan die laagte punt was die afsterwe van Louis Nel, een van die top Bonsai kwekers in die land. Iemand wat vir niks teruggestaan het nie en wat die lewe voluit gelewe het. 'n Man wat met almal bevriend was en niks slegs in iemand gesien het nie. Wat altyd bereid was om sy kennis met almal te deel.

Ek wil vir almal wat demonstrasies en praaitjies gelewer het deur die jaar bedank vir die tyd wat hulle afgestaan het en moeite wat hulle gedoen het met hul praaitjies en demonstrasies. Dit word waardeer.

Vir die komitee wat weer uitstaande werk gedoen het deur die jaar. As dit nie vir julle was met die help van ander Kai lede nie, sou ons nie 'n dag kon aanbied soos die BRAT-dag in Julie nie.

Vir Jaco wat aangebied het om die 2013 konfensie gelde vir ons Kai te hanteer, baie dankie. Dit is 'n gulde geleentheid om te sorg dat die geld daar is wanneer die konfensie in Johannesburg plaasvind.

Vir julle die lede, as dit nie was vir julle wat met soveel entoesiasme die vergaderings bywoon nie, sou die Kai agteruitgegaan het. Dit is julle wat die Kai lewendig en aan die gang hou. Dit maak dit vir almal lekker om die vergaderings by te woon.

Laastens wil ek net vir almal 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar toewens. Die mense wat gaan ry, ry veilig en kom weer veilig terug en as julle bome grawe, bring vir my een saam.

Org

And the Lord made all kinds of trees grow out of the ground—trees that were pleasing to the eye....Genesis 2:9

Briewe Bus / Vra is Vry

Hallo Jaco,

Jy sal my nie glo hoe ek op jou Koeda afgekom het nie. Ons gaan Desember by my skoonfamilie kuier in SA – Parys. Het toe so beplan dat daar weer ‘n bietjie bakke gekoop moet word by Oranje Potteries, Viljoenskroon. Het na ‘n lang gesukkel met die telefoon agtergekom dat die besigheid nie meer bestaan nie. Het toe maar ‘n bietjie “gesurf” toe kom ek op twee goed af. Die eerste een is natuurlik jou Koeda. Baie geluk en ek het sommer vandag op julle webwerf ‘n paar deur gelees, sal nog by die ander uitkom.

Die tweede een was nie so aangenaam nie, want dit is die eerste keer dat ek moet hoor van Louis Nel. Dit was skokkende nuus vir my. Soos ek hier sit en skryf vir jou is ek redelik ontsteld – nie net oor die feit van sy dood nie, maar ek dit nou eers moes uitvind. Dit was vir my skokkend. Wat presies het gebeur? Hier by my kom al die nuus nie uit nie, maar ek sal nou moet staat maak op jou Koeda en die maandbriewe. Ek moet erken dat ek lanklaas iets op die internet gesoek of gekyk het. Ek sal egter van nou af meer gereeld dit doen, want soos dinge nou staan wil ek graag volgende jaar die Bonsai Konvensie bywoon. Ek weet egter nog nie waar dit sal wees nie – miskien kan jy my inlig.

Baie dankie vir jou insette om Bonsai bekend te stel en al die wonderlike leesstof wat jy verskaf aan mense wat nie altyd in aanraking kan kom met al die gebeure nie.

Bonsai groete en hou aan met die goeie werk.

Hendrik en Thea Koekemoer
Namib Bonsia Kai
Swakopmund

NS: Stuur maar ons simpatie aan Louis se familie en vriende al is dit ‘n bietjie laat ons gebede sal altyd by hulle wees.

Hi Org,

Ons het ontmoet deur 'n jong man met die naam Dewet Bezuidenhout tydens die Bonsai-uitstalling by die Safari kwekery.
Ek is besig om my bonsai stokperdjie 'n stappie hoër te neem en wil nou graag meer gevestigd raak. Ek wil graag besproeiing instaleer.
Wat sal jy voorstel is die beste opsie om mee te gaan? (e.g micro sprayertjies, misters, druppertjies? etc)

Groete Zein

Red: Org se antwoord aan Zein is langsaan.

Hi Zein,

Ek gebruik die laaste klompie jare al Micro sproeiers en drup besproeing. Daar is een nadeel daaraan en dit is dat miere dit kan verstop. Jy moet gereeld inspeksie doen om toe te sien dat hulle nie geblok is nie. Die drup besproeing is by enkel staande bome en micro sproeiers by die bome wat teen mekaar staan. Ek hoop dit help.

Groete,

Org

Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco.

Ek het op Sat. 26 Nov. die voorreg gehad om die Tygerberg Bonsai Klub se uitstalling te Cape Garden Centre by te woon. Wat ‘h heerlike dag!

Toe ek daar aankom, het die tesouriere, Charmagne Crous, my dadelik met groot vriendelikheid ontvang en ook aan ander lede voorgestel. Daar was meer as 90 bonsai’s; elkeen ‘n meesterstuk!

Wat my baie beïndruk het, was ‘n inligtingstafel waar verskillende style en tegnieke met plante sowel as geskrewe inligting uitgebeeld was. Die publiek kon daar, sonder om vrae te vra, self lees en kennis opdoen.

Nog iets wat baie interessant was, was die gebruik van kurkproppe om takkies uitmekaar te hou. ‘n Ware wynland treffer! Die klub lewer sowaar treffende werk. Ek het dit baie vervullend en aangenaam beleef.

Groete,

Esther

Motivering.

Ons ken almal Erika Köhler se baie bekende Wilde Olyf woud, wat oorspronklik deur oom Theuns Roos begin is. Oom Theuns het vir my ’n foto gegee van hoe die woud in 1979 gelyk het toe hy nog in die besit van oom Theuns was. Dit is die foto links onder. Die foto regs onder is geneem by die Pretoria kai se uitstalling van 5 Junie 2011 by die Safari kwekery. Die fotos wys wat bereik kan word met tyd, geduld en natuurlik ’n aanleg vir die estetiese.

Snippets

Our Environment.

A 150 watt personal computer system, (CPU, monitor, and printer) uses 1314kwh per year if left on continuously. To generate that much electricity, it takes the energy equivalent of more than 450 kilogram of coal.

Switch off your computer when you are not using it!!

Inspirasie uit die natuur

By die vergadering van 2 Julie 2011 het oom Theuns Roos die wortel oor rots styl demonstreer. Ons wonder dikwels of daar wel sulke voorbeelde in die natuur voorkom. Hierdie foto van vermoedelik ’n sort wilde vy is geneem in Limpopo provinsie.

Lede Profiel - Daan du Toit.

Almal wat gereeld die kai se vergaderings bywoon sal Daan ken as die groot gryskop man wat ons altyd so vriendelik vra vir die jaargelde. Daan is natuurlik die kai se tesourier en doen al dié ondankbare taak vir die afgelope 12 jaar.

Daan het groot geword op ’n plaas reg langs die Etosha park in Namibië waarna hy in Suid Afrika kom studeer het en toe hier gebly het. Daan is ’n landbou ekonoom en werk by die Departement Landbou, Bosbou en Viserye. Hy werk al vir die afgelope 36 jaar daar.

Daan en sy vrou Corrine vier hulle huweliksherdenking van 35 jaar in Januarie. Hulle het ’n dogter en twee seuns uit die huwelik en die eerste kleinkind is ook oppad. Dus, een van die dae is dit Oupa Daan.

Oom Theuns Roos is Corrine se oom, en so het Daan dus met bonsai in aanraking gekom. Daan het met so twee of drie boompies begin maar eers meer ernstig begin nadat hy in 1980 by die Pretoria kai aangesluit het. Hy het egter op ’n stadium sy M graad gedoen en moes ook ’n nuwe kantoor op die been bring en het in daardie tyd sy bome baie verwaarloos, en selfs ’n klomp laat vrek. Hy het so 3 jaar gelede weer begin om meer aandag aan sy bome te gee en ook sy versameling weer vergroot.

Daan het baie bome in ontwikkelings fase (te veel om te tel) en dink dat hy so 15 het wat al skou gehalte is. Sy bome gee hom groot satisfaksie omdat hulle hom terug neem na sy kinder jare as veld kind in Namibië. Sy gunsteling styl is daarom ook die bosveld styl. Daan werk ook graag met Akasia bome, veral die Swart apiesdoring, juis omdat hulle so ’n natuurlike bosveld styl het.

Daan gee die raad dat wanneer hy aan die Akasia bome werk (soos bedrading) plaas hy ’n stuk karton bo-oor die takke waaraan hy nie werk nie. Sodoende haak die dorings hom minder.

Mense wat Daan al inspireer het in bonsai was John Lynch, oom Theuns Roos, Charles Ceronio, Louis Nel en andere.

Daan sê hy verloor nie meer baie bome nie. Hy het egter verlede jaar ’n pragtige Olien laat vrek net voordat hy hom wou skou. Hy woon aan die noorde kant van die stad en dit raak baie warm. Sy potte word verskriklik warm in die son en indien jy dalk ’n boom net bietjie mis met water toediening word hy kurk droog en vrek sommer maklik.

Daan is baie gelukkig met waar hy is met sy bonsai. Hy sê dat hy nie soos ’n atleet is wat daarna werk om springbok kleure te kry nie. Hy sal egter graag sy area waar sy bome staan beter wou inrig en organiseer om sy bome nog meer te kan geniet en makliker aandag aan hulle gee.

Oor die kai sê Daan dat hy baie bly is dat daar by hierdie jaar se afsluiting groot klem gelê was op werk aan bome, en nie net gebraai is nie. Hy sou egter groter deelname van lede wou sien in die kai se aktriwieteite. Op die oomblik word baie deur min lede gedoen. Hy dink Org doen ‘great’ as voorsitter.

Daan het ’n droom dat bonsai na kinders en skole uitgedra moet word. Hy sê hoekom moet ons kinders na die kai lok, hoekom vat ons nie bonsai na hulle nie? Maak dit ’n skool aktiwieteit.
Dankie vir jou bydra in die kai Daan! ♣

BRAT meeting of 29 October 2011.

The BRAT meeting was hosted in Boksburg by the Kierieklapper Bonsai Kai.

After Mack Boshoff, chairman of Kierieklapper, welcomed all to the event, Kathy Steyn demonstrated the refinement of a Buddleja. Kathy explained that when Buddleja are dug from nature, you should leave very few roots and cut off all foliage. The tree should then be over potted and left to grow and recover for at least two years. At that stage, when the tree has grown into a bush, she would choose a couple of branches at suitable positions and cut off everything else. She would do some carving at this stage. The tree must then be allowed to grow freely again. Kathy says that each time she transplants and cuts roots, she also cut the top drastically.

Top: The tree before.

Left: Kathy styling the tree.

Bottom: After styling.

Kathy showed, on a well advanced Buddleja of hers, how she arranges the finer branches and foliage into layers and pads. She is very careful not to create pom pom pads and her aim is to achieve natural looking foliage pads. She also does not like straight branches and bends them into a zig zag shape. Kathy says that she uses diluted water based wood glue to preserve dead wood.

The tree Kathy used to demonstrate more in detail was the same one she used to demonstrate carving on at the Pretoria Kai meeting of 1 November 2009. continue on pg 7……...

The picture on the left was the tree in November 2009 and the picture in the middle after the initial carving. The picture on the far right shows how the same carving looks like now.

BRAT meeting of 29 October 2011.

After tea and some raffles there was a 3 ring demonstration. This was conducted by Tricia Fourie, Jan La Grange and Mack Boshoff, all members of Kierieklapper bonsai kai. The three demonstrated simultaneously on Kierieklapper trees. The common name for the Kierieklapper is the Russet bushwillow and the botanical name is Combretum Hereroense. The Kierieklapper has not being used a lot in bonsai and the Kierieklapper kai, and especially Tricia Fourie, is busy doing intensive research on how to grow the tree as bonsai.

Top: Tricia Fourie talking about her trees.

While demonstrating we were given some facts already discovered about growing the tree as bonsai. The Kierieklapper can take some frost. They are very slow growing and it is best to use the clip and grow method. Once wood has hardened it breaks very easily. Branches should therefore be bend when young. They do grow from old wood and can therefore be cut back hard. They can be grown from cuttings. It will be interesting to hear in the future all the things the Kierieklapper kai discovers about the Kierieklapper tree.

Top: Mack Boshoff.

Continue on page 8…….

Top: Jan La Grange.

Top: Tricia styled this Kierieklapper tree.

BRAT meeting of 29 October 2011.

Nadat daar ’n baie aangename middagete geniet is was Charles Ceronio aan die woord. Daar is vir Charles ’n hele paar ‘tameletjie’ bome gegee om aan die vergadering idees te gee oor hoe om sulke bome te hanteer. Dit was heerlik om te kon sien hoe Charles se ervaring en insig moontlikhede en oplossings vir moeilike bome sien. ♣

Bo: Regs is wat Charles gesien het as ’n moontlikheid vir die ‘Maple’ links.

Ons eie Erika se pragtige Swartapiesdoring het eerste plek gekry in die ‘Top ten’ kompetiesie vir bome bo 30cm.

Vergadering van 5 November 2011

Die vergadering is gehou by die huis van Fred en Erika Köhler net buite Krugersdorp. Daar het agt en dertig lede opgedaag wat wonderlik is as daar in ag geneem word dat dit nogal ’n entjie van Pretoria is. Lede het heerlik deur die groot tuin gewandel en na Erika se pragtige bome gekyk. Dit was werklik ’n inspirasie. Fred en Erika het ons ook bederf met die lekkerste verversings en sappe. BAIE dankie!!

Erika het gedurende die middag aan ’n paar bome gewerk en ons veral gewys hoedat sy beginners bome terug snoei na ’n basiese vorm. Dit was baie leersaam en insiggewend, veral vir minder ervare lede. Erika het vertel dat sy meeste van haar bome in die tuin kry. Sy laat hulle ’n klompie jaar in die tuin groei om dik stamme te ontwikkel of plant hulle in groot groei skottels. Sy sny gedurig die stam af om mooi ‘taper’ te kry.

Vervolg op bl 10…….

Vergadering van 5 November 2011—vervolg

Bo: Hierdie Witstinkhout is deur voëltjies in die tuin geplant. Die boom was die laaste plus minus een en ’n half jaar in die pot.

Links bo: Hierdie Elm het Erika van ’n stiggie gegroei. Hy was ongeveer vyf jaar lank in die grond voordat sy hom uitgehaal het. Fred het vir Erika gehelp om die dik takke af te saag. Links kan gesien word hoedat Erika haar bome snoei tot net ’n basiese vorm. Sy ontwikkel die takke eers later.

Vervolg op bl 11……..

Vergadering van 5 November 2011—vervolg

Nog ’n Witstinhout wat Erika in die tuin gekry het. Hierdie een het drie stamme. Erika het besluit dat sy net een stam wil hê en Brandon en Johan het gehelp saag. Links is twee moontlike voor kante vir die boom.

Vervolg op bl 12……..

Vergadering van 5 November 2011—vervolg

Bo: Nog ’n ‘Maple’ wat in die tuin ontwikkel het.

Links: Erika het in hierdie ’Pyracantha’ meer groei in die ‘apex’ nodig. Sy het gewys dat sy al die vruggies afsny sodat die groei en krag van die boom nie gebruik word om die vruggies te laat ryp word nie, maar liewer gebruik word sodat die boom sterker groei.

HAIKU.

Geneem uit: Bonsai Bulletin Nr 2, Pretoria bonsai kai.

Wat is Haiku?

Haiku is ’n Japanese digkunsstyl wat, hoewel dit in die 17e en 18e eeu gewildheid verwerf het, steeds beoefen word. ’n Haiku gedig bestaan gewoonlik uit drie reëls waarvan die eerste uit vyf, die tweede uit sewe en die derde uit vyf lettergrepe bestaan - ’n eienskap wat soms verlore gaan by vertaling. Dit is opmerklik dat vormgebondenheid nie ’n beperkende invloed op die inhoud van die gedig het nie.

Die inhoud van haiku is die spil waarom die hele gedig draai. Dit versinnebeeld ’n besondere situasie, momenteel gegewe, ’n oomblik in woord. Die sonderlingheid van haiku lê egter in die visuele en oudiovisuele beeld wat die skrywer neerpen en die gedagteproses wat hy aan die leser oorlaat. Haiku het dikwels ten doel om uit die kleine, die huidige, die “nou” te skets; ’n hele wêreld uit te beeld. En hierdie wêreld betrek nie net die daaglikse lewe nie, maar ook die geestelike soeke na dieper dinge. Dit is ’n oomblik vasgevang in woorde.

Haiku handel gewoonlik oor die natuur en vir die Japanees het bepaalde beelde, bepaalde konnotasies, byvoorbeeld ’n mistige maand verwys na lente, en ’n koue maan na winter, blomme of bloeisels is gewoonlik kersiebloeisels.

Haiku hou wel verband met bonsai. Dit gee ons ’n kykie in die gedagtes van die mense wat bonsai tot ’n fyn kuns vervolmaak het, hoe die kleine die grote verteenwoordig en hoe in een beeld ’n hele gedagtegang, ’n hele wêreld uitgebeeld kan word. Derhalwe kan gesien word hoe ’n bonsai ’n groot boom in die natuur versinnebeeld.

Red: Hoe lyk dit met die digters onder julle. Stuur ’n paar haiku aan die redakteur vir plasing in die Koeda.

Die bloureën stoot
Sy trosse uit.
Dis lente.

Die eerste rooi
Van die lente.
Koraalbome teen die rante.

Die tiptol sing dit uit
Bloeisels! Bloeisels! Bloeisels!
Die lente is hier.

Hoe vele, vele herinneringe
Word teruggeroep,
Hierdie jakarandabloeisels.

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE BOME.

By die vergadering van 7 Augustus 2010 het Org Exley gepraat oor Elms. As deel van sy praatjie het Org aan die vergadering ’n Elm gewys waarop hy die ‘air layer’ tegniek toekepas het. Org het die boom toe afgesny waar die ‘air layer’ was en in ’n bonsai bak geplant. Die onderste foto links is van die boom met die plastiek bak waarin die wortels van die ‘air layer’ gegroei het. Die middelste foto is nadat Org die boom afgesny het en in die bonsai bak geplant het. Die fotos is in uitgawe vier 2010 van Koeda gewys. Regs is hoe die boom nou daar uitsien na ’n jaar en drie maande.

Org het gedurende die selfde vergadering van 7 Augustus 2010 ook aan ’n multi stam Elm gewerk. Hy het die boom nie oorgeplant nie maar slegs gesnoei en gestyl. Die linkerkanste en middelste fotos onder is van die boom en is in Koeda uitgawe vier 2010 gewys. Die regterkanste foto is hoe die boom nou lyk.

Vergadering van 3 Desember.

Wow!! Wat ’n heerlike afsluiting het ons gehad! Daar was BAIE lede en daar is aan BAIE bome gewerk en gestyl. Dit is seker die somer en groei seisoen waarin ons is, maar dit wys ook die entoesiasme onder die lede asook die sukses van ons kai. Bill, wat ook ’n oud lid is van die kai, het ons toe vermaak met sy kulkunste en almal het dit baie geniet. En toe is daar heerlik gebraai en geëet aan slaaie en wonderlike poedings. Die afsluiting was dus net so ’n sukses soos wat die hele jaar was. Dankie aan almal se bydra gedurende die jaar!

Vergadering van 3 Desember - vervolg

Vergadering van 3 Desember - vervolg

Vergadering van 3 Desember - vervolg

Vergadering van 3 Desember - vervolg

Bonsai Kalender — Deur Francois van As

Januarie en Februarie

- Watertoediening bly ons hooftaak tot aan die einde van die somer. Bome in vlak potte mag twee maal per dag water nodig hê.

- In droë weersomstandighede kan die loof van bome wat onder rooispinnekop deurloop ook natgemaak word. Dit is ‘n effektiewe manier om van die pestelensies ontslae te raak. Hou maar ‘n oog op enige ander peste soos plantluise en ruspes wat nou aktief is en behandel vroegtydig.

- In ekstreme son moet die meer sensitiewe bome beskerm word teen die skroei van blare. Skuif hierdie bome na meer skaduryke areas.

- Hou aan om lang lote te snoei. Bome wat hard teruggesnoei word moet ook in ‘n skaduryke area geplaas word.

- Bedrading kan gedoen word maar wees bedag daarop om nie onverharde hout te beskadig deur die bas en kambium af te skraap nie. Die draad kan ook maklik insny aangesien die bome steeds verdik.

- Voeding is steeds belangrik en vloeibare voedingstowwe kan ‘n goeie idee wees.

Francois van As ♣

Bome te koop.

Rita Herzelman, een van die kai se oud lede, verhuis binnekort en kan nie al haar bome saam neem nie. Sy het dus van hulle te koop aangebied. Kontak gerus vir Rita by 012 664 3657 indien jy sou belangstel om van haar bome te koop.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.